# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**15 Januarie 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:


- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Voor die erediens:**
**Afkondigings**
**Stilte**



**Erediens:**
**Toetredelied as Votum:** Psalm 33-1:11
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Lied 205:1,3 en Lied 203:1,3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Matteus 6:5-15
**Sing:** Lied 552:1,2,3,4
**Fokus:** Matteus 6:9b en Heidelbergse Kategismus Sondag 46
**Preek:**



**Tema**

*Ons bid tot ons Vader in die hemel.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 19-3:1,2,3,4
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3





**KOLLEKTES:**



Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Emeritaatsversorging.

**TEE/KOFFIE NA DIE EREDIENS:**



Almal is welkom om na afloop van die erediens tee/koffie te drink. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.

**KATKISASIE:**

Die katkisasie se opening vir die jaar is vanoggend na die erediens. Alle ouers van katkisante, Voorskools tot Graad 11, moet asseblief die opening saam met hulle kinders bywoon.

**BREË KERKRAAD VERGADERING:**

Die Breë Kerkraad vergader Maandag 16 Januarie om 18:00 by die kerkgebou.

**FACEBOOK-BLAD:**

Ons vorige Facebook-blad is om een of ander rede in Mei 2021 deur Facebook gedeaktiveer. Ds. Jannie het verskeie pogings aangewend om vas te stel wat die redes hiervoor was. Hy het ook verskeie pogings aangewend om ons vorige blad weer geaktiveer te kry. Ds. Jannie het egter geen terugvoer van Facebook op enige van sy talle eposse en ander boodskappe ontvang nie. Tot vandag toe verstaan ons nie hoekom ons vorige blad gedeaktiveer is nie, want ons nie een van Facebook se reëls oortree nie. Ten einde laaste het ds. Jannie die afgelope week ’n nuwe blad vir ons gemeente geskep.
Julle kan by die blad uitkom deur die woorde “Gereformeerde Kerk Welkom” in Facebook se soekfunksie in te tik of deur na die volgende internet-adres toe te gaan. https://www.facebook.com/profile.php?id=100089016565341

**GK ODENDAALSRUS PRETDAG – 21 JANUARIE 2023:**

Die Diakonie in samewerking met van ons gemeentelede beplan 'n pretdag met bote tussen Odendaalsrus en Allanridge. Hiermee nooi ons u hartlik uit om die dag saam ons te geniet;
Saterdag middag, 21 Januarie 2023. (Tyd sal nog bevestig word.)
Daar sal worsbroodjies aangebied word. U hoef net u eie drinkgoed te verskaf.
Ons vra dus dat daar getalle deur gegee sal word ten einde die beplanning te voltooi. Getalle kan deur gegee word aan die Diakonie voor of op 15 Januarie 2023. Ons sien uit na die samesyn op die warm somerdag!

**GK CENTURION - PASTORALE KURSUS:**

Die Gereformeerde Kerk Centurion in samewerking met Expando bied aan:

'n Gratis 7 weke kursus in PASTORALE VERSORGING, aangebied deur Prof Gert Breed.

Kan 'n mens regtig radikaal verander?
Waarom doen ek dinge wat ek weet nie reg is nie?
Hoe kan ek breek met verkeerde gewoontes of verslawings?
Wat sê God in sy Woord hieroor?

Die kursus kan jou toerus om sinvol met iemand te gesels wat worstel met probleem emosies en optredes.

**Navrae:** Ds Lourens Venter - 082 529 2330

**Tye:** 19:00 - 20:30 elke Maandag
**Datums:** 30 Januarie -13 Maart 2023
**Waar:** Aanbieding vind weekliks plaas by GK Centurion (h/v Basden en Alethea str, Die Hoewes.)
**Skakel aanlyn in:** gkcenturion.co.za



# Ek Verjaar!




Die volgende lidmate verjaar tot 21 Januarie 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 16 Januarie | Christine Erasmus | 074 300 4841 |
| 18 Januarie | Llewellyn Oosthuizen | 079 890 6267 |
| 20 Januarie | Comie Hartslief | 079 212 4313 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Br. Casper du Plessis (060 366 0166 / 057 353 1447) se suster is Maandag oorlede. Ons innige simpatie aan hom en sy familie.
- Ons vra voorbidding vir sr. René van der Walt (083 309 9519) wat steeds in Bloemfontein Medi-Clinic se ICU is. Hulle behoort Maandag die uitslae te kry van die biopsies wat gedoen is. Ons bede is dat dit nie enige kwaad-aardigheid sal wys nie.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospi-taal is, waarvan ons dalk nie weet nie.

# ~ Die Bybel ~

**"Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook" - (Joh. 11:25).**
**"Wie tot die einde volhard, sal gered word" - (Matt. 24:13).**
**"Al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks" - (1 Kor. 13:2).**
**"Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe." - (2 Kor 13:5).**
**"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus van julle verwag" - (1 Tess. 5:18).**

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

***Kontaknommers en besonderhede:***
*Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)*
*Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)*
*Attes Skriba:*
*Koster: Flip Kotze (083 388 0249)*
*Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)*
*Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)*
*Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)*
*Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)*
*Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)*

***Facebook:*** https://www.facebook.com/profile.php?id=100089016565341
***Epos:*** *gkwelkom@telkomsa.net*
***Webbladsy:*** *www.gkwnoord.weebly.com*



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

**Om net jouself te wees in 'n wêreld wat sy bes doen om jou iemand anders te maak, is die moeilikste stryd wat jy ooit sal voer.**

***~ E.E. Cummings ~***

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA